LUKAS 1:26-29,38-39, MATTEUS 22:37-39 NGK MIEDERPARK Kersfees 2009
TEMA: EK IS TOT DIE HERE SE BESKIKKING Ds Okkie Cilliers

Die lewe loop dikwels ander paaie as wat ons beplan. Veral as dit met sonde te doen het en jy dinge wil regmaak. Soos klokslag werk dit nie! En die goed hinder jou, maar jy kry dit nie reggemaak nie want jy weet nie mooi hoe en waar nie.
Die lewe loop dikwels ander paaie as wat ons beplan. Daar gebeur dinge wat jou ruk en jy kom by mense en plekke uit waar jy nie wil wees nie. Sommige van die goed gaan gou weg en jou lewe kan voortgaan; ander se impak in jou lewe is enorm en gaan nooit weer weg nie.

Maria was ‘n uitsonderlike vrou en uitsonderlike dinge het met haar gebeur – dinge wat ‘n enorme impak op haar gehad het en haar op ‘n pad gevat het wat sy nie beplan het nie. Lukas vertel die verhaal sonder om dit mooi te maak:

- Sy is verloof en nie getroud nie.
- Sy kry die boodskap (hoe? Deur ‘n droom?) dat sy swanger sal raak terwyl sy net verloof is. Dit was so goed soos ‘n doodsvonnis in daardie tyd.
- Sy weet nie wat om van die dinge te maak nie. Dit moet tog ‘n mediese wonderwerk wees as sy swanger sou raak want ‘n man het nog nie aan haar geraak nie. Sy hoor die Here se belofte dat Hy vir al die dinge sal sorg en dat sy haar nie daaroor hoef te bekommer nie.
- Dis duidelik dat sy bang was – baie bang. Want in daardie tyd is ‘n meisie met klippe doodgegooi as sy swanger sou raak as sy nie getroud is nie – hoeveel te meer sou sy veroordeel word as sy swanger word by ‘n ander een as haar verloofde! Haar reputasie is daarmee heen. Dis duidelik dat die Jode hierdie storie nie geglo het nie en ook nie vergeet het nie, want kort-kort het hulle Jesus daaraan herinner dat Hy nie weet wie sy pa is nie!

Die Here wil hierdie vrou vir ‘n bepaalde doel gebruik en Hy rus haar dan ook daarvoor toe. Maria se reaksie in mooi: “Ek is tot die Here se beskikking. Laat met my gebeur wat U gesê het” Deur die eeue is hierdie reaksie van Maria besing!

Ek wonder of sy ooit besef het waarvoor sy ja sê? Dit lyk nie so nie. Want dis duidelik dat die mense haar nie geglo het nie toe sy gesê het dis God se kind wat in haar maag groei. Want net in die volgende verse lees ons dat sy by haar familie, Elisabet, in die berge gaan wegkruip het. Die fluitergesprekke en nuuskierige oë wat kyk na die maag wat groei (en sy is ongetroud!) het seker ook maar te veel vir hierdie jong vrou geword. Dié dat sy uitwyk na die bergstreke van Juda waar daar nie veel mense is nie en nie veel praatjies rondloop nie.

Dis ook duidelik dat Josef haar nie geglo het nie. Mat 1:19 sê dat hy haar in die geheim wou skei, want dis nie sy kind nie. Hy het duidelik gedink dat sy verloofde rondgeloop het en by ‘n ander man swanger geraak het. Hy moes ook ‘n besondere mens gewees het want hy doen die saak in die geheim en wil Maria teen die mense beskerm. Ek wonder hoe het Maria dit aan hom oorgedra en aan hom probeer verduidelik dat dit God se kind is?! (Ek weet dat ek haar nie sou geglo het nie!) *Die dinge het sy nie geweet die dag toe sy gesê het dat sy tot God se beskikking is nie.*

Maar die ergste sou nog kom. Sy het gou agtergekom dat die oudste seun van haar anders is en dat sy nie die intiemste plek in sy hart inneem soos dit in die verhouding tussen ma en seun gaan nie. Die episode toe Hy agterbly by die tempel terwyl hulle huistoe gaan bevestig dit: sonder veel seremonie verklaar Jesus dat Hy hom besig hou met die dinge van God en nie veel tyd vir ander goed het nie (Luk 2:41vv) Dat dit haar geraak het, is duidelik want “sy het dit in haat hart oordink.” By ‘n ander geleentheid soek sy en haar ander kinders na Hom. Jesus is besig met ‘n klomp mense en iemand stuur die boodskap deur na Hom dat sy ma Hom soek. Sy antwoord is afsydig: die mense wat saam met Hom leef en werk is sy familie, nie die uit wie Hy gebore is nie

(Mat 12:47vv). Die heel ergste was die verskriklike dood van haar kind – dit moes soos ‘n mes deur haar hart gesteek het. Ek kan my net indink wat deur daardie ma-hart moes gegaan het toe Hy so deur die soldate geslaan, deur die mense gespot en uiteindelik aan die paal dood gebloei het. Dit moes baie seer gewees het. Die aangrypende kom voor Hy sterf as Hy sy vriend Johannes nader roep en aan hom die opdrag gee om na Maria te kyk asof dit sy eie ma sou wees.

- As Maria mens was, moes sy tog seker die vraag gevra het of dit alles die moeite werd was? Want haar keuse vir God het op alles behalwe vreugde en sonskyn uitgeloop.

Ook maar goed dat sy nie geweet het wat op haar wag die dag te sy gesê het dat sy tot die Here se beskikking is nie. Dan sou sy seker twee keer gedink het. Tog het ek meer as ‘n vermoede dat die vrou wat so baie hartseer beleef het, weer dieselfde keuses vir die Here sou maak as sy weer die kans gekry het om dit te doen.

Die Here het van hierdie vrou ‘n offer gevra om te bring – en sy was bereid om dit te bring.
Dit bring my dadelik by ons. Ek wonder hoeveel van ons is regtig so “tot die Here se beskikking” as wat ons sê? Want Christen-wees begin en eindig by hierdie saak: ***die dag toe jy gesê het “Here, verander my.”***
Want ons is baie gemaklik met die Here.
Mense sê maklik dat hulle die Here ken en tot Sy beskikking is, maar daar gebeur dikwels nie veel meer as die woorde wat gesê word nie. Want die lewe bring ons by plekke en mense waar ons nie wil wees nie en dan kom daar van ons “beskikking van die Here” nie veel nie! Ek weet ook dat baie mense dit sê sonder dat hul harte daarin is.

Die gevolge daarvan is nie lekker nie. Vir ‘n ruk lyk dit asof dit goed gaan en dinge op vaste voete staan. Maar daar is nie fondamente nie en met die tyd begin dinge inval – eers stadig en dan al hoe vinniger. Voorbeelde van “sê-ek-glo” maar “nie doen-wat-ek-sê-ek-glo-nie” is baie en die gevolge daarvan is net so baie. Ek onthou die man wat ouderling van sy kerk was en een oggend in die winkelkompleks gekonfronteer was met ‘n honger vrou en kind. Sy verleentheid was opvallend want dis duidelik dat hy lank tevore al besluit het om mense onder geen omstandighede te help nie. Later het hy tot sy verweer gesê dat hy sy geld “by die kerk inbetaal” vir hierdie goed… Die vrou was duidelik nie van plan om haar kind verder honger te laat ly nie en sy wou kos hê. Hy was net so vasbeslote om nie in te gee nie en het ongemaklik probeer wegloop. Haar oë het hom gevolg en toe het hy begin kwaad word en haar begin verwens. Sy ongemak was nog groter toe hy besef dat mense in sy kerk hom staan en dophou. *Hy het niks gedoen om haar te help nie.*Sy mond het gesê dat hy tot die Here se beskikking is, maar sy hart was nie hierin nie. In ‘n latere gesprek met die ouderling was hy ongemaklik en kwaad en in detail verduidelik hoe goed hy eintlik vir hulle is en hoe onregverdig dit is om hom nou uit te sonder…

Die Here het Homself aan sy kerk verbind toe Hy gesweer het dat Hy vir hulle ‘n God sal wees en dat Hy alles sal doen om daardie gelofte gestand te doen. Op dieselfde manier verwag Hy van sy kinders om hulself met ‘n eed aan Hom te verbind dat hulle sal leef op die manier wat Hom waardig is. Geloof is ‘n offer wat gebring word en om tot die Here se beskikking te wees, draai rondom keuses en “commitments” wat gemaak word.

Om tot die Here se beskikking te wees, is om jou regte prys te gee, en daar is min wat dit doen. En om jou reg prys te gee, gaan teen ons natuur in want dan verloor jy alles waarvoor jy staan. En dit kan tog nie, want dan moet jy stilbly as die lewe jou op plekke en by mense bring wat jy nie beplan het nie. Jy wil eerder in beheer wees en jy weet hoe om alles uit te sorteer. Ja, daar is min mense wat stilbly, na binne kyk en die Here se wil in dinge gaan soek. Jesus trap voetspore uit wat ons moet volg – kyk hoe gee Hy sy regte prys toe die soldaat by die Hoëpriester Hom op die mond met die vuis slaan en Hy stilbly. Hy verwag van ons om dieselfde te doen maar dit pas nie by ons idee van “regte” in nie. Dis in ons aard om te veg.

Jesus het offers gebring wat alles van Hom gevat het - ook sy lewe! Dis wat die Here van jou vra om te doen as jy Sy volgeling is.
Dan Millman vertel van klein Liza wat ‘n rare siekte opgedoen het en op pad was om te sterf. Haar enigste kans op genesing was die bloed van haar 5-jarige boetie wat ook die siekte gehad het en wonderbaarlik gesond geword het. Die bloedoortapping was nodig omdat sy bloed teenliggaampies ontwikkel het.Die dokter het alles aan hom verduidelik en die seuntjie gevra of by bereid was om sy bloed vir sy suster te gee. Hy het ‘n oomblik gehuiwer en toe gesê” Yes. I’ll do it if it will save Liza.” Met die oortapping het hy langs sy sussie gelê en almal kon sien hoe die kleur na haar wange terugkom. Toe het sy gesiggie wasbleek geword en sy glimlag het verdwyn. Sy vraag was eenvoudig: “Will I start to die right away?”
Omdat hy so klein was het hy die dokter nie reg verstaan nie en gedink dat hy AL SY BLOED aan Liza moes gee. Hy was bereid om dit te doen.

- Dit is die tipe “commitment” waarvoor die Here ons roep! Daar is nie langer ruimte vir krummeltjies wat aan die Here gebring kan word nie. Dis reg of weg; alles of niks!

Hier in die kerk lyk ons so mooi en goed, maar sal jy die prys betaal daarbuite waar die lewe draaie maak en jy op plekke en by mense kom waar dit nie lekker is nie? Sal jy nog steeds tot die Here se beskikking wees as jy geklap en vergruis word? Hoe lyk jou karakter? Kan jy die waarheid met ‘n skoon gewete praat? Hoe lyk jy daar waar niemand jou sien nie? Wat doen jy daar waar die bekendes nie by jou is nie? Dis maklik om vir een uur in die kerk te sit en botter kan nie in jou mond smelt nie, maar dis ‘n ander storie om voor jou gesinsmense en ander te verklaar dat jy tot die Here se beskikking is! (As hulle gevra sou word of jy tot die beskikking van God is, wat sou hulle antwoord wees?)

Kersfees is ‘n konfrontasie met Jesus se eis tot dissipelskap. Toets jouself met die vraag: as jy jou geloof regtig ernstig opneem, hoe voel die ongeredde wêreld oor jou as Christen? Slaag jy die toets of lyk jy soos een van hulle?
Toets jouself: as die stampe en die stote kom en jy wonder of alles die moeite werd is, is jy nog steeds dissipel of doen jy maar eerder jou eie ding?

“Here, ek is tot U beskikking. Verander my.”
Hoe? ‘n Praktiese verduideliking is Jesus se woorde in Mat 22:37-39
As jy tot beskikking van die Here wil wees, dan moet jou hart, verstand en al jou krag aan die Here behoort en jy moet aan jou naaste behoort.

- KRAG is dit wat jou in die lewe laat beweeg, dit wat jou laat arriveer en betekenis aan jou gee. Dis dinge soos jou geld, tyd, huis… Toets jouself hieraan!
- VERSTAND is jou logika en HART is jou emosies. Dissipel van die Here is nie net die groot goed wat met geld en tyd gemeet word nie, maar dinge wat in jou lewe: waaraan dink jy en hoe doen jy dit wat jy dink? Watter emosies leef in jou en hoe gee jy uitrukking aan jou emosies?
  Voorbeelde hiervan is baie.
- As jy tot beskikking van die Here wil wees en Hom wil toelaat om jou te verander, gaan dien dan ook sy ander kinders; wees lief vir ander soos vir jouself. Jy kan nie sê dat jy die pad met die Here wil loop maar jy draai jou rug op ander (veral mede-gelowiges!) en stap uit nie.

Kersfees is om die kontrak tussen God en mens te onthou en te eer.– ‘n ooreenkoms tussen 2 partye (die Bybel noem dit ‘n verbond). “Ek sal vir jou ‘n **God** wees en jy moet vir my ‘n **volk** wees.” Die Here verwag van ons om tot sy beskikking te wees, al weet ons nie waar dit ons bring nie.

Aan die een kant staan die wonderlike God in wonderlike genade met beloftes wat Hy maak. Maar Hy eis dat die mens die nodige offers aan Hom moet bring – daar is reëls waarvolgens die spel in die kontrak gespeel word.
Aan die ander kant staan die mens wat moet antwoord in die kontrak. Die Here kan jou net verander as jy antwoord en bereid is om verander te word. Dit vra ‘n prys van jou – jy mag nie net as ‘n toeskouer op die paviljoene van die lewe sit en saampraat nie. Jy speel die spel volgens die reëls!
Voorbeelde van seëninge aan die kind van die Here in hierdie kontrak is baie. Die **Bybel** wemel daarvan (Eks 20:6) en ook die **alledaagse lewe** bevestig dit.
Voorbeelde van vervloekinge/vernietiging aan mense wat nie by hierdie kontrak gehou het nie, is net so baie. Die Bybel (o.a Jes 1 en 1 Kor 6:9-10) en ook die alledaagse lewe bevestig dit.

Die prys wat jy moet betaal om tot beskikking van die Here te wees is baie hoog. Daar is nie plek vir gemiddeldes nie want jy moet God se beste in hierdie wêreld wees. Maria moes vir mense gaan wegkruip omdat hulle haar seer gemaak het met hul stories, later het sy hartseer op harsteer beleef omdat sy tot beskikking van die Here was. God moes op ‘n stadium self ingryp met ‘n droom om Josef te oortuig dat die kind in die swanger Maria wel bonatuurlik van God kom… Sy het die prys vir haar offers aan die Here duur betaal.

Jy word vandag gekonfronteer met jou offers aan die Here: dis alles of niks! Baie min mense reageer hierop – almal sê “ja” maar as die lewe se draaie begin loop, doen hulle maar hul eie ding en weet nie meer of alles die moeite werd is nie.”
Jy word vandag gekonfronteer met die genade van die Here! Daar is geen ander manier om die lewe van oorwinning te leef as deur die offers wat Jesus gebring het nie (Heb 9:14). Met sy offers het daar vergifnis vir al ons mislukkings gekom en daar is hoop, krag en lewe (2 Tim 1:7, Fil 4:13). As jy in Jesus is en Hom **toegelaat** het om beheer oor te neem kan jy vandag moed skep. Want dan is jy op die regte plek en alles is in sy genade moontlik – die woorde aan Maria bevestig dit: “By God is alles moontlik.”

Die vraag dwing homself die hele tyd aan ons op: wat is die offers wat die Here vandag van ons vra?
Dis maklik om negatief hieroor te praat.Offers is nie net wat jy NIE DOEN nie, maar wat jy WEL DOEN. Jy moet groei in jou geloofslewe en voorbeelde hiervan is baie:
Dalk worstel jy met seer oor die sonde wat vreeslike gevolge gehad het – bring jou offer aan die Here en laat Hom toe om in Jesus se bloed jou nuut te maak met ‘n nuwe lewe (2 Kor 5:17-18a).
Dalk praat die Here oor jou gebedslewe en stiltetyd wat eina-eina is en jy weet lankal dat dit reggestel moet word – bring daardie offer aan die Here en laat Hom toe om Homself so op ‘n kragtige manier aan jou te openbaar (Jes 30:20-21)…
Maar die saak is ook negatief! As die Here jou vandag konfronteer met sondes wat reggestel moet word gaan dit nie help om mooi broodjies te bak nie. Sy eise vir dissipelskap is onomwonde en baie duidelik: as jy weier om te vergewe moet jy tot inkeer kom; as jy verkeerde en stukkende verhoudings het moet jy dit gaan herstel; as jy sondige gewoontes het moet jy dit verander; as jy ‘n dubbele lewe lei moet jy eerlik voor God kom en dit regstel; as jy wil skei moet jy tot inkeer kom; as jy steel moet jy dit teruggee…
Maak ‘n ooreenkoms met die Here

As God jou lewe beheer staan jy op die regte fondament. Want die dae kom waar dit goed met jou sal gaan en die vreugdes van die lewe baie sal wees. Maar die dae is ook daar dat jy soos Maria moet gaan wegkruip en dinge vir jou te veel raak. Hoor vandag die troos van die Here: “Moenie vrees nie, want jy is ‘n begenadigde van God (vers 30)”.
Mag God jou die genade gee om tot sy beskikking te wees. Amen.